# DIE EERSTE TREE EERSTE

Die lewe eb en vloei elke dag met nuwe uitdagings, pynlike ervarings, heerlike verrassings. Om hierdie lewe en die wêreld te probeer verstaan, gebruik ons verskillende metafore. Hierdie metafore beïnvloed die manier waarop jy die lewe sien.

Vir sommige is die lewe en leierskap 'n "oorlog": veranderings word soos 'n vyand en met 'n gevegstrategie in gedagte hanteer. Vir ander is die lewe 'n "toets": jy is deur of jy druip. Een van my vriende het altyd gesê die lewe is soos 'n "nickerball": hard, maar lekker.

Ek hou van die metafoor "reis" om leierskap én die lewe mee te beskryf. 'n Reis in die onbekende in, want al beplan jy jou reis hoe sorgvuldig, is daar altyd verrassingselemente op die pad. Party verrassings vul jou met opgewondenheid, ander met angstigheid of teleurstelling. Ons was eenmaal op reis na Europa vanaf Engeland en het by Zeebrugge vasgemeer, pleks van Calais, soos aanvanklik beplan is. Die dokwerkers daar het gestaak, en dit het ons almal se reis beïnvloed. Tog sou ons nie Europa kon beleef as dit nie begin het by die eerste tree nie.

Ek hou van Martin Luther King se stelling dat jy in gelóóf die eerste tree neem. Toe Jesus sy volgelinge genooi het, moes hulle die eerste tree na leierskap *in geloof* neem. Hulle kon hulleself nie naastenby indink wat dit alles sou behels nie. Dalk sou hulle terugdeins as hulle geweet het waarlangs hierdie reis hulle sou neem. Maar hulle het in geloof die eerste tree geneem. Vandag word hulle steeds daarvoor geëer.

Gereed? Kom!

***Hy sê toe vir hulle: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." Matteus 4:19***